

waarna beskrywings volg van die stadsentrum en voorstede, elk met hul oop ruimtes, strate, gebouetipes en spesifieke geboue. Die klem val op die gebouetipes. Aangesien foto's as primêre bron vir geboubeskrywings gebruik is, is dit begrypplik dat boutendense in die werkersklaswoongebiede en industriële areas byna totaal ontbreek.

In die 1890's (hoofstuk 2) het diep-skagmynwese verseker dat Johannesburg 'n blywende nedersetting sou wees. Geboue van blywender aard van drie tot vier verdiepings hoog het hul verskyning begin maak. Die gebrek aan name van die 19de-eeuse argitekte doen ongelukkig afbreuk aan die 'eie' stempel van geboue wat mettertyd 'n unieke karakter begin vertoon het.

Die vroeë jare van die 20ste eeu is gekenmerk deur die Beau Arts-mode wat geleidelik in die sogenaamde Tradisionele styl ontwikkel het. Die boueguliasies van 1900-1930 het die hoogte van geboue beperk en dit was eers in 1934-1935 dat hoër geboue toegelaat is. Met die ekonomiese oplewing van die 1930's, nadat Suid-Afrika die goudstaandard verlaat het, het 'n ware bouoplewing gevolg. Gewapendebeton-strukture het meer lig deurgeleat, terwyl beter boutegegnike hoër geboue moontlik gemaak het. Die belasting van grond (en nie geboue nie) het eienaars na 1919 aangemoedig om meer gebuik te maak van die persele en toringgeboue op te rig. Hierdeur het Johannesburg se vertikaliteit tot sy reg gekom.

Die straatkaart wat Van der Waal spesial vir die boek geteken het, is duidelik en waardevol as illustrasiemateriaal. Tog is dit eienaardig dat die Derde Beursgebou, Hollardstraat, in die 1920-kaart 'n blok van Hollardstraat af geleë is! Die 484 sepiafoto's is uitstekende afdrukke wat die beskrywings in die teks goed aanvul. Dit is jammer dat die lang paragrawe kruisverwysing na die foto's ontmoedig. Met korter paragrawe sou verwysings van teks na foto en/of aantekeningen terug na teks soveel makliker gewees het — iets wat die boek ook aantrekliker vir die nie-akademiese of steekproefleser sou maak.

Dit sou miskien ook raadsaam gewees het om kostes en lengtemate in die eenhede van die tyd uit te druk. Met die onsekere en wisselende waardes van geldeenheid verloor die boukoste van byvoorbeeld R900 000 (£450 000) vir die stadhuis in 1912 baie trefkrag. Die beweegrede vir die alfabetisering van die indrukwekkende bibliografie is ook duister. Baie ongepubliseerde bronre is geraadpleeg en dié van die Braamfontein Co. in die Johannesburg Consolidated Investment-argief is byvoorbeeld — ietwat verwarring — onder 'Minutes' gelys. Dit mag ook help om 'n errata-aanduiding aan te bring om daarop te wys dat bladsy 258 en 259 verkeerd gedruk is. Andersins is die gehalte van die proefleeskwerk puik.

Van mynkamp tot metropolis is ongetwyfeld 'n waardevolle toevoeging tot die argitek-historiografie. Dit verleen akademiese regverdiging aan 'n onderwerp wat in die verlede primêr tot koffietafelboeke beperk is.

BARBARA CONRADIE
Standard Bank Argief



L. WULFSOHN. *Rustenburg at war: the story of Rustenburg and its citizens in the First and Second Anglo-Boer Wars*. Die oueur: Rustenburg, 1987. 198 pp. Geill. Prys onvermeld. Geen ISBN-nommer.

In 1981 het Ian Uys se werk *Heidelbergers of the Boer War* verskyn. Dit het die hoop laat ontstaan dat sy voorbeeld gevolg sal word deur ander skrywers wat hul eie dorpe se belewens van hierdie belangrike tydvak in ons geskiedenis sal opteken. Nou het Lionel Wulfsohn, 'n afgetreden sakeman en boorling van Rustenburg, die taak opgeneem om die lotgevalle van sy dorp se mense gedurende dié tydperk te be-

lig. Weliswaar sluit die werk ook die Eerste Anglo-Boereoorlog van 1880-1881 in, maar dááraan is 'n betreklik kort stukkie afgestaan.

Wulfsohn is geen opgeleide historikus of professionele skrywer nie. Nogtans slaag hy daarin om plek-plek besonder onderhouwend te skryf. Sy doel was om 'n onbevooroordelde beskrywing van die stryd tussen Boer en Brit te gee. Oor die algemeen is die eindproduksie inderdaad 'n objektiewe stuk werk. Veral die geveg op 30 September 1901 by Moedwil aan die Selonsrivier, wes van Rustenburg, toon begrip en deernis vir albei kampe en is die mees geslaagde hoofstuk. Wulfsohn se deernis vir sy medemens wat deel gehad het aan die geskiedenis van sy dorp is trouens besonder opvallend.

Dit is egter jammer dat hy nie nader ondersoek instel nie na genl. Jan Smuts se bewering dat die Rustenburgers van wyl Hextivier se optrede in 'n stadium power en ongedissiplineerd was. Voorts is die hoofstuk oor kol. R.S.S. Baden-Powell nie baie geslaagd nie, terwyl H.W. Wilson se kontemporêre reeks oor die oorlog te onkrities gebruik is. Die skrywer kon die *Times History* trouens met groter sukses aangewend het.

'n Pluspunt van plaaslike geskiedenisse deur plaaslike persone is gewoonlik hul bekendstelling van materiaal in familie-versameling wat vir die professionele historikus onbekend was. Hiervan getuig byvoorbeeld die herin-

neringe van veldkornet Evert Snyman — en in mindere mate die dagboeke van W.T. Dawes en E. Boon — wat die skrywer opgespoor en geraadpleeg het.

Die leser moet nie 'n wetenskaplike studie verwag nie. Die boek wat aangename leesuur verskaf, is geskryf deur 'n belangstellende persoon wat lief is vir sy land en sy dorp en sy mense. In hierdie lig word dit van harte aanbeveel.

FRANSJOHAN PRETORIUS
Universiteit van Pretoria

Kort mededelings/Short notices

C.P. DE LA HARPE. *Grootplaas se mense*. Die oueur: Posbus 722, Uitenhage, 1989. 129 pp. Prys onvermeld. ISBN 0 620 12363 X.

Hierdie hardebandboek (A5-formaat) begin met 'n periode-indeling op grond van besitreg op Kleine Swart Rivier tussen 1722 en die hede (1989). Daarna volg 'n inleiding wat die agtergrondgeskiedenis van 1652 tot 1707 skets, asook negentien hoofstukkies oor onder andere Ferdinandus Appel (die eerste gevestigde blanke inwoner van die Overberg), opeenvolgende eienaars van Kleine Swart Rivier, William Shaw na wie die Shaw-pas vernoom is, die Marees van Grootplaas, die Delports van Caledon en Johannes Jacobus Tesselhaar. Ter afsluiting word 'n alfabetiese lys van grondbesitters in die westelike Overberg verstrek (45 pp.).

Alhoewel die boek nie heeltemal aan wetenskaplike standarde voldoen nie, bevat dit tog heelwat waardevolle inligting vir die genealogiese navorsers en die biograaf. Ook die plaaslike en streekhistorikus se kennis word deur die ryk geskiedenis van die Overberg verbreed, terwyl die publikasie veral ook vir die betrokke families van belang sal wees.

'n Duidelike kaart van die plase in die westelike Overberg ontbreek egter, en die bronnelys kon vollediger gewees het. Dit is ook jammer dat die boek geen illustrasies (foto's, kaarte of sketse) bevat nie om die teks toe te lig.

I. GROESBEEK
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

R.I. ROTBERG. *The Founder: Cecil Rhodes and the pursuit of power*. Southern Book Publishers: Johannesburg, 1988. 800 pp. + xxii. R59.99 (exclusive). ISBN 1 86812 150 X.

Many reviewers of this book will doubtlessly be asking the same question: is there justification for yet another Rhodes biography? Cecil Rhodes, it is said, was obsessed about leaving his mark on posterity. The mark has been there for all to see: two colonies named after him, a university, the scholarships — and a spate of biographies, of which that of Robert Rotberg certainly is the most thorough and comprehensive. It attempts to offer new insights into Rhodes, mainly by drawing upon modern psychological theory. At the same time the book left me with a certain amount of disappointment. While being comprehensive the biography traverses much ground that has been well trodden. And the more innovative dimension of the book, the exploratory forays into Rhodes's psyche, is often unconvincing.

Rhodes is not a figure who really lends himself to psychobiography. The problem is that he was not constantly putting to paper his innermost thoughts and changing moods. So there does not exist the material upon which to base a psychobiography. As a result the empirical material in the book generally does not blend with the psychological theory. The latter is interpolated rather than integrated.

For the most part, Rotberg has paid meticulous attention to detail and combed the sources. But there are some surprising omissions. The chapter on the Shona and Ndebele risings of 1896-1897 is written without any reference to the important work of Beach and Cobbing. Indeed, Beach, the foremost historian of the Shona, does not appear in the bibliography.

The book is in danger of falling between two stools. For the student or non-specialist reader it is probably too long and detailed to capture sustained attention. For the specialist it contains too much that is familiar. The critical treatment of Rhodes's attitude to blacks does not go far beyond the critique in Flint's biography. While the book contains new detail, it does not add much to our understanding of southern African history.

If another biography of Rhodes is to be written (dare one even suggest it?), it should perhaps cut out many of the well-known details of Rhodes's career. It might follow the model of Jeff Guy's biography of Colenso, and look more closely at the world that made Cecil Rhodes rather than at the world that Rhodes made.

PAUL MAYLAM
University of Natal (Durban)